# DIE HUISGENOOT

*Geïllustreerde Weekblad*

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen* *Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad*

DEEL XXII, No. 829 11 FEBRUARIE 1938 AAN DIE HOOFPOSKANTOOR GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD PRYS 4d.


## DIE AFRIKAANSE EISTEDDFOD

DIE sillabus van die Afrikaanse Eisteddfod verskyn in hierdie uitgawe van *Die Huisgenoot*, en daarmee kry die kunswedstryde, wat reeds 'n vaste instelling geword het en elke jaar so 'n groot plek in die Afrikaanse samelewing van Kaapstad en omstreke vul, vir 1938 hul eerste stoot. Net soos in die verlede, het die bestuur ook in die nuwe sillabus verskeie wysigings aangebring en hom die keer in die besonder daarop toegelê om die oop klasse gewilder te maak. Die afgelope paar jaar was die mededinging in dié klasse nie na wens nie, en veral die aantal volwasse mededingers het tot so 'n mate afgeneem dat die gedagte kon posvat dat die Eisteddfod alleen vir kinders gehou word. Die bestuur wil graag hierin verbetering aanbring en meer volwassenes aanmoedig om in alle klasse mee te ding. Daarom het hy die sillabus op 'n meer praktiese wyse ingedeel en die klasse vir ope mededinging afsonderlik geplaas, sodat dit maklik gevind kan word. Ook die afdelings vir middelbare en primêre skole is duideliker aangedui.

In die afdeling Musiek is vanjaar besonder baie gebruik gemaak van die werk van ons eie Afrikaanse komponiste, en die bestuur het besluit om in die klasse vir volwassenes weer medaljes beskikbaar te stel, sodat mededingers wat die hoogste onderskeidings behaal, iets van blywender aard kan besit as geld, wat meestal maar gou deur die vingers gaan, of 'n diploma, wat êrens in 'n laai weggestop word.

Die afdelings Sang en Musiek word elke jaar goed ondersteun, ook van die kant van die publiek deur bywoning van die uitvoerings. Maar dit kan nog veel beter, veral in die klasse vir kore. Daar was byvoorbeeld verlede jaar, behalwe die kore van die opleidingskolleges, net een mannekoor, een gemengde koor en een dameskoor. Die werk wat hulle gelewer het, was wel van die vereiste standaard, maar daar was geen mededinging nie, terwyl mededinging tog altyd prikkel tot 'n hoër strewe. Daar bestaan verskeie verenigings en liggame in die Boland wat die sangkuns beoefen en hulle behoort sonder veel moeite die voorgeskrewe stukke by hul gewone byeenkomste te kan instudeer en puik kore te kan inskryf. Maar ons wil saam met die bestuur veral op ons kerkkore in en om Kaapstad 'n beroep doen om aan die wedstryde deel te neem en hierdie deel van die Eisteddfod-program, wat 'n paar jaar agtereenvolgens besondere hoogtes bereik het, opnuut te verlewendig. Goeie koorwerk word altyd op prys gestel.

Nog 'n afdeling wat veel beter ondersteun kan word, is Letterkunde. In die nuwe sillabus is daar weer ruim voorsiening gemaak vir skrywers, en ons vertrou dat daar ook ruim gebruik van gemaak sal word.

Dieselfde geld vir die afdeling Komposisie. Die Afrikaanse Eisteddfod kan daarop aanspraak maak dat hy verskeie van ons teenswoordige komponiste „ontdek" het; maar behalwe die „ontdektes", wat hul skeppingsvermoë ook weer 'n keer kan beproef, is daar tog seker nog ander wat aan die wedstryde kan meedoen en terselfdertyd ons karige musiek- en liedereskat kan aanvul.

Die afdelings vir takke van die Vrouelandbouvereniging en van industriële inrigtings bevat klasse vir 'n groot verskeidenheid artikels. Terwyl eersgenoemde liggame in die verlede besonder flink meegeding het, voel die bestuur dat laasgenoemde inrigtings veel meer belang behoort te stel in hul afdeling, veral die meisies.

Die sillabus word vanjaar vroeër gepubliseer ten einde onderwysers in staat te stel om hul planne vroegtydig so in te rig dat hul rooster vir die jaar die werk van die Eisteddfod insluit. Na ons verneem, is dit ook die wens van die inspekteurs dat dit so moet geskied.

Ten slotte kan ons 'n mededeling doen wat deur ouers en onderwysers wat in die verlede daarteen opgesien het dat kinders Saterdae en soms saans aan wedstryde moet deelneem, hartlik verwelkom sal word. Dit is dat die skoolnommers vanjaar vir sover moontlik almal in die dag sal plaasvind en wel op vyf skooldae wat die Superintendent-generaal van Onderwys vir dié doel afgestaan het. Dit is 'n toegewing wat ook baie skole buite Kaapstad in die geleentheid behoort te stel om aan die wedstryde deel te neem. Die afhandeling van die program sal hierdeur baie bespoedig word en die hele Eisteddfod sal uiters twee weke duur, in plaas van ses soos in die verlede.

## DIE VYAND VERWOES DIE STAD

*Verlate die Moederstad, my kinders verwoes*
*en gehoon;*
*Ai, soos die klank van 'n lied*
*Wat eertyds mense kon sing*
*En menseharte bekoor*
*En trane van weemoed bring,*
*Vereensaam, waar niemand hoor,*
*Soos reën op 'n ou, ou huis,*
*Soos pyn uit die lang verlee —*
*Die verlange na liefde verloor.*
*Maar ginds kom die sagte geruis*
*Van die Dood wat vrede gee,*
*En die tyd van trane is oor.*

T. J. HAARHOFF

## Aantekeninge

REEDS op 4, 5 en 6 Februarie is die moord op Retief en sy manne op Hlomo Amaboeta herdenk, en op 16, 17 en 18 Februarie word die eeufees gevier in Zoeloeland van die moorde by Bloukrans en Moordspruit. Die geskiedenis van Februariemaand 1838 ken elke Afrikaner: die verraad in Dingaan se stat en die verskriklike moorde in die vroeë oggendure langs Bloukransrivier en Moordspruit op die argelose Trekkers, hul vrouens en kinders; en in gedagtenis aan daardie rampe, sal elke Afrikaner ook, al kan hy nie 'n feesganger wees nie, 16 Februarie in sy hart en in sy eie huis as roudag vier.

---

SAAM met sy baie vriende wil ook *Die Huisgenoot* mnr. P. J. Malherbe van Daljosaphat gelukwens met sy 85ste verjaardag wat hy so pas gevier het. Mnr. Malherbe is die enigste van die agt stigters van die Genootskap van Regte Afrikaners wat nog leef. Hy stel nog altyd lewendig belang in die Afrikaanse letterkunde en in die werke van sy seun, prof. dr. D. F. Malherbe van Bloemfontein. Die bloei van die Afrikaanse taal en letterkunde na 1875 toe die Genootskap gestig is, is die regverdiging en beloning vir die moedige daad van die stigters, hul volharding teen alle teenstand in en vir die opofferings wat hulle hul moes getroos in belang van hul stryd.

---

OP 26 Januarie is die hoeksteen gelê van die Bolus-herbarium by Groote Schuur. Dr. Bolus het in 1865 begin met die versameling van gedroogde Suid-Afrikaanse plantsoorte; vandag erf die Universiteit van Kaapstad 'n versameling wat ongetwyfeld die grootste van die aard in Suid-Afrika is. Die wetenskaplike betekenis daarvan sal alleen plantkundiges ten volle kan besef; die liefde en toewyding waarmee dr. Bolus die werk begin en sy lewe lank volgehou het, verdien ons hulde en eer en dié van toekomstige geslagte.

---

VOLGENS inligting wat dr. E. G. Malherbe, hoof van die Nasionale Onderwysburo, verstrek het, sal daar teen April byna 'n duisend rolprente beskikbaar wees vir sirkulasie onder skole. Oor die welslae van hierdie hulpmiddel by die onderwys, mits dit saamgestel word met inagneming van beide opvoedkundige en filmiese vereistes, bestaan daar nie meer twyfel in die lande wat dit op die proef gestel het nie. Hoewel die saak in ons land as gevolg van geldelike en organisasie-moeilikhede, die verskil in die sillabusse van die vier provinsies, tweetaligheid, gebrek aan elektriese krag op sommige dorpe, ens. ingewikkelder is as elders, meen ons dat dit ook hier met welslae sal kan deurgevoer word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012